Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# STAATSKOERANT
## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
# GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 1309 — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

PRYS 10c PRICE — OORSEE 15c OVERSEAS — POSVRY—POST FREE

REGULATION GAZETTE No. 1309 — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

VOL. 61] PRETORIA, 31 JULIE / 31 JULY 1970 [No. 2762


## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 190, 1970

BEHEER OOR DIE INVOER VAN GEKONDENSEERDE MELK, GEKONDENSEERDE AFGEROOMDE MELK, MELKPOEIER EN AFGEROOMDE MELKPOEIER

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 87 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968)—

(a) verbied ek hierby die invoer in die Republiek van gekondenseerde melk, gekondenseerde afgeroomde melk, melkpoeier en afgeroomde melkpoeier behalwe deur die Raad van Toesig oor die Suiwelnywerheid, vermeld in artikel 3 van die Suiwelproduktebemarkingskemas, afgekondig by Proklamasie 183 van 1954, soos gewysig, of deur 'n persoon wat daartoe gemagtig is by permit wat na goeddunke van genoemde Raad uitgereik word, of andersins as ooreenkomstig voorwaardes deur genoemde Raad bepaal;

(b) verklaar ek hierby dat die totale hoeveelheid gekondenseerde melk, gekondenseerde afgeroomde melk, melkpoeier of afgeroomde melkpoeier wat gedurende 'n bepaalde tydperk aldus ingevoer word, nie 'n hoeveelheid mag oorskry wat deur die Minister van Landbou ten opsigte van die genoemde tydperk goedgekeur is nie;

(c) verklaar ek hierby dat die bepalings van hierdie proklamasie nie van toepassing is nie op 'n hoeveelheid van so 'n produk met 'n massa van hoogstens 10 kg; en

(d) herroep ek hierby Proklamasie 87 van 1958.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hierdie Sestiende dag van Julie, Eenduisend Negehonderd-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

D. C. H. UYS.

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 190, 1970

CONTROL OF THE IMPORTATION OF CONDENSED MILK, CONDENSED SKIM MILK, MILK POWDER AND SKIM MILK POWDER

Under the powers vested in me by section 87 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), I hereby—

(a) prohibit the importation into the Republic of condensed milk, condensed skim milk, milk powder and skim milk powder, except by the Dairy Industry Control Board, referred to in section 3 of the Dairy Products Marketing Scheme, published by Proclamation 183 of 1954, as amended, or by a person authorised thereto by permit, the issue of which shall be in the discretion of the said Board, or otherwise than in accordance with conditions determined by the said Board;

(b) declare that the total quantity of condensed milk, condensed skim milk, milk powder or skim milk powder which is so imported during a specified period, shall not exceed a quantity approved by the Minister of Agriculture in respect of the said period;

(c) declare that the provisions of this proclamation shall not apply to a quantity of any such product with a mass of not more than 10 kg; and

(d) repeal Proclamation 87 of 1958.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Sixteenth day of July, One thousand Nine hundred and Seventy.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

D. C. H. UYS.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 1204 31 Julie 1970

WET OP VAKLEERLING, 1944, SOOS GEWYSIG

KOMITEE VIR SPOORWEGVAKLEERLINGE.—INTREKKING VAN AMBAG EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby ingevolge artikel 16 (4) *ter* van bogemelde Wet, dat die bepalings van Goewermentskennisgewing R. 769 van 22 Mei 1970, in werking tree vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1227 31 Julie 1970

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG

KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE SUIKERVERVAARDIGINGS- EN RAFFINEERNYWERHEID.—INTREKKING EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby ingevolge artikel 16 (4) *ter* van bogenoemde Wet, dat die bepalings van Goewermentskennisgewing R. 694 van 8 Mei 1970, in werking tree vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

No. R. 1228 31 Julie 1970

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

KLERASIENYWERHEID, KAAP

WYSIGING VAN OPLEIDINGSFONDSOOREENKOMS

Ek, Marais Viljoen, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat al die bepalings van die Ooreenkoms (hieronder die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Klerasienywerheid betrekking het, vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1972 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasies en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasies of vereniging is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1972 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die landdrosdistrikte Die Kaap, Wynberg, Simonstad, Bellville, Somerset-Wes, Strand en Worcester; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms vanaf die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Desember 1972 eindig, in die gebiede gespesifiseer in paragraaf (b)

# GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 1204 31 July 1970

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED

RAILWAY APPRENTICESHIP COMMITTEE.—DEDESIGNATION OF TRADE AND AMENDMENT OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 16 (4) *ter* of the above-mentioned Act, declare that the provisions of Government Notice R. 769 of 22 May 1970, shall come into operation as from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1227 31 July 1970

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED

APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE SUGAR MANUFACTURING AND REFINING INDUSTRY.—WITHDRAWAL AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby in terms of section 16 (4) *ter* of the above-mentioned Act, declare that the provisions of Government Notice R. 694 of 8 May 1970, shall come into operation as from the date of publication of this notice.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

No. R. 1228 31 July 1970

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

CLOTHING INDUSTRY, CAPE

AMENDMENT OF TRAINING FUND AGREEMENT

I, Marais Viljoen, Minister of Labour, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that all the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Clothing Industry shall be binding from the second Monday after the date of Publication of this notice and for the period ending 31 December 1972, upon the employers' organisations and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisations or union;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement shall be binding from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1972, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Magisterial Districts of The Cape, Wynberg, Simonstown, Bellville, Somerset West, Strand and Worcester; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the areas specified in paragraph (b) of this notice and from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 December 1972, the provisions of the Amending

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



van hierdie kennisgewing *mutatis mutandis* bindend is vir alle Bantoes in diens in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van Bantoes in hul diens.

M. VILJOEN, Minister van Arbeid.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE KLERASIENYWERHEID (KAAP)

OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, aangegaan deur die

Cape Clothing Manufacturers' Association

en die

Cape Knitting Industry Association

(hieronder die "werkgewers" of "werkgewersorganisasies" genoem) aan die een kant, en die

Garment Workers' Union of the Western Province

(hieronder die "werknemers" of "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Klerasienywerheid (Kaap), om die Ooreenkoms tussen die partye, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 3041 van 1 Augustus 1969 (hieronder die "Opleidingsfondsooreenkoms" genoem), soos volg te wysig:

KLOUSULE 5—STIGTING EN FUNKSIES VAN BESTUURSKOMITEE

Klousule 5 (1) van die Opleidingsfondsooreenkoms word hierby gewysig deur "vier werkgewersverteenwoordigers en vier werknemersverteenwoordigers" deur onderskeidelik "twee werkgewersverteenwoordigers en twee werknemersverteenwoordigers" te vervang.

Klousule 5 (3) van die Opleidingsfondsooreenkoms word hierby gewysig deur "twee werkgewersverteenwoordigers en twee werknemersverteenwoordigers" deur "een werkgewersverteenwoordiger en een werknemersverteenwoordiger" te vervang.

Namens die partye op hede die 5de dag van Junie 1970, te Kaapstad onderteken.

L. H. BARRETT, Voorsitter van die Raad.

A. M. ROSENBERG, Lid van die Raad.

G. J. NEL, Sekretaris van die Raad.

Agreement shall *mutatis mutandis* be binding upon all Bantu employed in the said Industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of Bantu in their employ.

M. VILJOEN, Minister of Labour.

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE CLOTHING INDUSTRY (CAPE)

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act 1956, made and entered into between the

Cape Clothing Manufacturers' Association

and

Cape Knitting Industry Association

(hereinafter referred to as "the employers" or "the employers' organisations") of the one part, and the

Garment Workers' Union of the Western Province

(hereinafter referred to as "the employees" or "the trade union"), of the other part

being parties to the Industrial Council for the Clothing Industry (Cape), to amend the Agreement between the parties published under Government Notice R. 3041 of 1 August, 1969 (hereinafter referred to as the "Training Fund Agreement") as follows:

CLAUSE 5—ESTABLISHMENT AND FUNCTIONS OF MANAGEMENT COMMITTEE

Subclause (1) of clause 5 of the Training Fund Agreement is hereby amended by the substitution of "two employers' representatives and two employees' representatives" for "four employers' representatives and four employees' representatives".

Subclause (3) of clause 5 of the Training Fund Agreement is hereby amended by the substitution of "one employers' representative and one employees' representative" for "two employers' representatives and two employees' representatives".

Signed at Cape Town on behalf of the parties on this 5th day of June 1970.

L. H. BARRETT, Chairman of the Council.

A. M. ROSENBERG, Member of the Council.

G. J. NEL, Secretary of the Council.

## DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 1200 31 Julie 1970

REËLS BETREFFENDE DIE WERKWYSE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE APTEKERSKOMMISSIE EN ANDER SAKE

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 94 (4) van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet 13 van 1928), sy goedkeuring geheg aan die wysiging van die reëls betreffende die werkwyse van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie en ander sake, wat deur die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie kragtens artikel 94 (2) van genoemde Wet opgestel is en afgekondig is by Goewermentskennisgewing R. 673 van 10 Mei 1963, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 812 van 27 Mei 1966, R. 107 van 27 Januarie 1967 en R. 231 van 28 Februarie 1969, soos volg:

Deur die vervanging van "R16.80" in reël 22 (1) (a) deur "R21.00".

## DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 1200 31 July 1970

RULES RELATING TO THE CONDUCT OF BUSINESS OF THE SOUTH AFRICAN PHARMACY BOARD AND OTHER MATTERS

The Minister of Health has, in terms of section 94 (4) of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act 13 of 1928), approved the amendment of the rules relating to the conduct of business of the South African Pharmacy Board and other matters, made by the South African Pharmacy Board under section 94 (2) of the said Act and published under Government Notice R. 673, dated 10 May 1963, as amended by Government Notices R. 812, dated 27 May 1966, R. 107, dated 27 January 1967, and R. 231, dated 28 February 1969, as follows:

By the substitution for "R16.80" in Rule 22 (1) (a) of "R21.00".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 1201 31 Julie 1970

## DIE SUID-AFRIKAANSE VERPLEEGSTERS RAAD

### REGULASIES BETREFFENDE DIE ONDERSKEIDENDE KENTEKENS EN UNIFORMS VIR GEREGISTREERDE VERPLEEGSTERS/VERPLEËRS EN VROEDVROUE EN GEREGISTREERDE LEERLINGVERPLEEGSTERS / - VERPLEËRS EN LEERLINGVROEDVROUE

Die Minister van Gesondheid het, kragtens artikel 11 (1) van die Wet op Verpleging, Wet 69 van 1957, sy goedkeuring geheg aan die volgende regulasies betreffende die onderskeidende kentekens en uniforms vir geregistreerde verpleegsters/verpleërs en vroedvroue en geregistreerde leerlingverpleegsters/-verpleërs en leerlingvroedvroue wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad gemaak is ter vervanging van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 937 van 28 Junie 1963, soos gewysig deur Kennisgewings R. 1641 van 25 Oktober 1963 en R. 1285 van 26 Augustus 1966:

1. Behoudens soos in regulasies 4 en 7 bepaal, moet elke geregistreerde verpleegster/verpleër of vroedvrou wanneer aan diens, onderskeidende kentekens, wat bestaan uit materiaal epaulette in die voorgeskrewe kleur, waaraan die voorgeskrewe kentekens van die Raad en die toepaslike voorgeskrewe metaalstafies vasgeheg is, dra. 'n Geregistreerde verpleegster/verpleër of vroedvrou wat versuim om aan enige bepaling van hierdie regulasie te voldoen, is aan 'n oortreding skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand (R20).

2. Die kenteken van die Raad is die onderstaande ontwerp. Die kenteken is van silwer gemaak met die buitenste geletterde rand blou geëmaljeer.



3. (1) Epaulette in die volgende kleure word deur persone wat in die verskillende vertakkings van verpleging of as vroedvroue geregistreer is, gedra:

Algemene verpleegster: Dof kersrooi.
Algemene verpleër: Bruin.
Psigiatriese verpleegster/verpleër: Marineblou.
Verpleegster/verpleër vir sielsiekes: Donker saksieblou.
Verpleegster/verpleër vir swaksinniges: Ligte saksieblou.
Koorsverpleegster: Geel.
Verpleegster vir siek kinders: Ligpers.
Vroedvrou: Groen.

(2) 'n Persoon wat in twee of meer vertakkings van verpleging, of as 'n vroedvrou en in een of meer vertakkings van verpleging geregistreer is, dra epaulette in die kleur in paragraaf (3) voorgeskryf, en aan hierdie epaulette word, ten opsigte van die ander geregistreerde kwalifikasies, reghoekige metaalstafies, geëmaljeer in die kleure in paragraaf (1) vir epaulette voorgeskryf, geheg; met dien verstande dat registrasie as 'n verpleegster vir siek kinders of as 'n koorsverpleegster nie deur middel van metaalstafies op die epaulette aangedui word nie.

(3) Waar 'n persoon in twee of meer vertakkings van verpleging geregistreer is, of as 'n vroedvrou en in een of meer vertakkings van verpleging geregistreer is en waar—

(a) so 'n persoon, onder andere as 'n algemene verpleegster geregistreer is, word dof kersrooi epaulette gedra;

No. R. 1201 31 July 1970

## THE SOUTH AFRICAN NURSING COUNCIL

### REGULATIONS REGARDING THE DISTINGUISHING DEVICES AND UNIFORMS FOR REGISTERED NURSES AND MIDWIVES AND REGISTERED STUDENT NURSES AND STUDENT MIDWIVES

The Minister of Health, in terms of section 11 (1) of the Nursing Act, Act 69 of 1957, has approved of the following regulations regarding the distinguishing devices and uniforms for registered nurses and midwives and registered student nurses and student midwives, made by the South African Nursing Council in substitution for the regulations published under Government Notice R. 937 of 28 June 1963, as amended by Notices R. 1641 of 25 October 1963 and R. 1285 of 26 August 1966:

1. Except as provided in regulations 4 and 7, a registered nurse or midwife shall, when on duty, wear distinguishing devices consisting of cloth epaulettes of the prescribed colour to which shall be affixed the prescribed badge of the Council and prescribed bars as applicable. A registered nurse or midwife who fails to comply with any provision of this regulation shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty rand (R20).

2. The badge of the Council shall be the design appearing below. The badge shall be of silver with the outer lettered border enamelled blue.



3. (1) Epaulettes of the following colours shall be worn by persons registered in the various branches of nursing and as midwives:

General nurse: Dull cherry.
General nurse (male): Brown.
Psychiatric nurse: Navy blue.
Mental nurse: Dark saxe blue.
Nurse for mental defectives: Light saxe blue.
Fever nurse: Yellow.
Sick children's nurse: Mauve.
Midwife: Green.

(2) A person who is registered in two or more branches of nursing or as a midwife and in one or more branches of nursing, shall wear epaulettes of the colour prescribed in paragraph (3) and to such epaulettes shall be affixed rectangular metal bars enamelled in the colours prescribed for epaulettes in paragraph (1) in respect of the other registered qualifications; provided that registration as a sick children's nurse or as a fever nurse shall not be indicated by way of bars on the epaulettes.

(3) Where a person is registered in two or more branches of nursing or as a midwife and in one or more branches of nursing, and where—

(a) such person is, *inter alia,* registered as a general nurse, dull cherry epaulettes shall be worn;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) so 'n persoon, onder andere, as 'n algemene verpleër geregistreer is, word bruin epaulette gedra;

(c) so 'n persoon nie as 'n algemene verpleegster, of as 'n algemene verpleër geregistreer is nie, maar onder andere as 'n psigiatriese verpleegster/verpleër geregistreer is, word marineblou epaulette gedra;

(d) so 'n persoon nie as 'n algemene verpleegster, of as 'n algemene verpleër, of as 'n psigiatriese verpleegster/verpleër geregistreer is nie, maar onder andere as 'n verpleegster/verpleër vir sielsiekes geregistreer is, word donker saksieblou epaulette gedra;

(e) so 'n persoon nie as 'n algemene verpleegster of as 'n algemene verpleër, of as 'n psigiatriese verpleegster/verpleër, of as 'n verpleegster/verpleër vir sielsiekes geregistreer is nie, maar onder andere as 'n verpleegster/verpleër vir swaksinniges geregistreer is, word ligte saksieblou epaulette gedra;

(f) so 'n persoon nie as 'n algemene verpleegster, of as 'n algemene verpleër, of as 'n psigiatriese verpleegster/verpleër, of as 'n verpleegster/verpleër vir sielsiekes, of as 'n verpleegster/verpleër vir swaksinniges geregistreer is nie, maar onder andere as 'n verpleegster vir siek kinders geregistreer is, word ligpers epaulette gedra;

(g) so 'n persoon nie as 'n algemene verpleegster, of as 'n algemene verpleër, of as 'n psigiatriese verpleegster/verpleër, of as 'n verpleegster/verpleër vir sielsiekes, of as 'n verpleegster/verpleër vir swaksinniges, of as 'n verpleegster vir siek kinders geregistreer is nie, maar onder andere as 'n koorsverpleegster geregistreer is, word geel apaulette gedra.

(4) 'n Persoon teenoor wie se naam enige een of meer van die volgende addisionele kwalifikasies geregistreer is, dra die toepaslike metaalstafie/s horisontaal onderkant die Raad se wapen op die voorgeskrewe epaulette:

Dosent: Wit.
Diploma in Verpleegadministrasie: Silwer.
Diploma in Volksgesondheidsverpleging: Geel.

4. 'n Geregistreerde verpleër wat sielsieke of swaksinnige pasiënte verpleeg, mag, in plaas van die onderskeidende kentekens in regulasie 1 voorgeskryf, 'n materiaal vierkant, $1\frac{1}{2}$ duim wyd in die kleur in regulasie 3 (1) vir epaulette voorgeskryf dra, op die linkerlapel van sy baadjie, of op die regterkant van sy hemp as hy sonder baadjie is, en die wapen van die Raad word oorhoeks op die vierkant geplaas. Indien hy in twee of meer vertakkings van verpleging geregistreer is, moet die kleur van die vierkant wees soos in paragraaf (3) van regulasie 3 vir epaulete voorgeskryf. Die metaalstafies in regulasie 3 (2) en (4) voorgeskryf, word horisontaal onder die vierkant gedra.

5. Wanneer 'n geregistreerde verpleegster of vroedvrou, of 'n geregistreerde leerlingverpleegster of leerlingvroedvrou 'n uniform aan het—

(a) moet dit effekleurig wees;

(b) moet sy wit of bruin of swart of donkerblou skoene daarby aan hê.

6. Die onderskeidende kentekens word slegs gedra soos voorgeskryf en nie as deel van of in kombinasie met enige ander kenteken of wapen nie. 'n Geregistreerde persoon wat 'n bepaling van hierdie regulasie oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens twintig rand (R20).

7. Nieteenstaande die bepalings van hierdie regulasies, hoef 'n geregistreerde persoon wat lid is van die Suid-Afrikaanse Militêre Verplegingsdienste nie die voorgeskrewe onderskeidende kentekens te dra wanneer militêre uniform gedra word nie.

(b) such person is, *inter alia*, registered as a general nurse (male), brown epaulettes shall be worn;

(c) such person is not registered as a general nurse or as a general nurse (male), but is *inter alia*, registered as a psychiatric nurse, navy blue epaulettes shall be worn;

(d) such person is not registered as a general nurse, or as a general nurse (male), or as a psychiatric nurse, but is, *inter alia*, registered as a mental nurse, dark saxe blue epaulettes shall be worn;

(e) such person is not registered as a general nurse, or as a general nurse (male), or as a psychiatric nurse, or as a mental nurse, but is, *inter alia*, registered as a nurse for mental defectives, light saxe blue epaulettes shall be worn;

(f) such person is not registered as a general nurse, or as a general nurse (male), or as a psychiatric nurse, or as a mental nurse, or as a nurse for mental defectives, but is, *inter alia*, registered as a sick children's nurse, mauve epalettes shall be worn;

(g) such person is not registered as a general nurse, or as a general nurse (male) or as a psychaitric nurse, or as a mental nurse, or as a nurse for mental defectives, or as a sick children's nurse, but is, *inter alia*, registered as a fever nurse, yellow epaulettes shall be worn.

(4) A person against whose name any one or more of the following additional qualifications are registered shall wear the appropriate rectangular metal bar/s on the prescribed epaulettes, horizontally below the badge of the Council:

Tutor: White.
Diploma in Nursing Administration: Silver.
Diploma in Public Health Nursing: Yellow.

4. A registered male nurse who nurses mental or mentally deficient patients may, instead of the distinguishing devices prescribed in replation 1, wear a cloth square, $1\frac{1}{2}$ inches in width of the colour prescribed for epaulettes in regulation 3 (1), on the left lapel of his jacket, or on the right side of his shirt when not wearing a jacket and the badge of the Council shall be superimposed diagonally on the square. If he is registered in two or more branches of nursing, the colour of the cloth square shall be as prescribed for epaulettes in paragraph (3) of regulation 3. The bars as prescribed under regulation 3 (2) and (4), shall be worn horizontally below the square.

5. When a registered nurse or midwife, or a registered student nurse or student midwife, wears a uniform—

(a) it shall be of a plain colour;

(b) white or brown or black or navy blue footwear shall be worn.

6. The distinguishing devices shall be worn only as prescribed and not as part of or in combination with any other device or badge. A registered person who contravenes any provision of this regulation shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty rand (R20).

7. Notwithstanding the provisions of these regulations, a registered person who is a member of the South African Military Nursing Services need not wear the prescribed distinguishing devices when in military uniform.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



8. 'n Persoon wat 'n onderskeidende kenteken in hierdie regulasies voorgeskryf sonder skriftelike magtiging van die Raad vervaardig, verkoop of verskaf, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig rand (R50).

9. Hierdie regulasies is ook in die gebied Suidwes-Afrika van toepassing.

8. Any person who manufactures, sells or supplies any distinguishing device prescribed in these regulations without the written authority of the Council, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding fifty rand (R50).

9. These regulations shall also apply in the territory of South-West Africa.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN BEMARKING

No. R. 1203 31 Julie 1970

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN SITRUSVRUGTE BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.—WYSIGING

Die Staatspresident het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van sitrusvrugte bestem vir verkoop in die Republiek, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 658 van 29 April 1966, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 658 van 29 April 1966, soos gewysig, word hierby soos volg verder gewysig:

1. Regulasie 1 word hierby gewysig deur na die omskrywing van "suurlemoene" die volgende omskrywing in te voeg:

"(xvA) 'Tomangolemoene', alle soetlemoen-variëteite wat minder as sewe volwasse pitte per vrug bevat uitgesonderd Nawel- en Valencialemoene (xviA);".

2. Regulasie 4 word hierby gewysig deur na paragraaf (b) die volgende paragraaf by te voeg:

"(bA) *Tomangolemoene*

(i) *Sapgehalte*.—'n Minimum van 52 persent sap: Met dien verstande dat Tomangolemoene wat volgens toets voldoen aan enigeen van die minimum persentasies sapinhoud vermeld in kolom A van die tabel aan die einde van hierdie subparagraaf, verkoop mag word indien hulle minstens ook voldoen aan ooreenstemmende persentasies in genoemde tabel vermeld ten opsigte van minimum totale oplosbare vastestofgehalte en minimum suurgehalte, en die minimum verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur in kolomme B, C en D onderskeidelik.

TABEL

| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
| Minimum sapgehalte (persentasie) | Minimum totale oplosbare vastestofgehalte (persentasie) | Minimum suurgehalte (persentasie) | Minimum verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur |
| 51 | 9·5 | 0·75 | 7·3 : 1 |
| 50 | 10·0 | 0·80 | 7·6 : 1 |
| 49 | 10·5 | 0·85 | 7·9 : 1 |
| 48 | 11·0 | 0·85 | 8·2 : 1 |

(ii) *Totale oplosbare vastestofgehalte*.—'n Minimum van nege persent: Met dien verstande dat Tomangolemoene wat volgens toets voldoen aan enigeen van die minimum persentasies totale oplosbare vastestofgehalte vermeld in

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1203 31 July 1970

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF CITRUS FRUIT INTENDED FOR SALE IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT

The State President has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), further amended the regulations relating to the grading, packing and marking of citrus fruit intended for sale in the Republic, published by Government Notice R. 658 of 29 April 1966, as amended, as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 658 of 29 April 1966, as amended, is hereby further amended as follows:

1. Regulation 1 is hereby amended by the addition after the definition of "sell" of the following definition:

"(xviA) 'Tomango Oranges' means all sweet orange varieties containing less than seven mature seeds per fruit, excluding Navel and Valencia oranges (xvA);".

2. Regulation 4 (1) is hereby amended by the addition after paragraph (b) of the following paragraph:

"(bA) *Tomango oranges*

(i) *Juice content*.—A minimum of 52 per cent juice: Provided that Tomango oranges, which on test comply with any of the minimum percentages of juice content specified in column A of the table at the end of this subparagraph, may be sold if they at least also comply with the corresponding percentages specified in the said table in respect of minimum total soluble solids content and minimum acid content, and the minimum total soluble solids to acid ratio, in columns B, C and D respectively.

TABLE

| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
| Minimum juice content (percentage) | Minimum total soluble solids content (percentage) | Minimum acid content (percentage) | Minimum total soluble solids to acid ratio |
| 51 | 9·5 | 0·75 | 7·3 : 1 |
| 50 | 10·0 | 0·80 | 7·6 : 1 |
| 49 | 10·5 | 0·85 | 7·9 : 1 |
| 48 | 11·0 | 0·85 | 8·2 : 1 |

(ii) *Total soluble solids content*.—A minimum of nine per cent: Provided that Tomango oranges which on test comply with any of the minimum percentages of total soluble solids content specified in column A of the table at the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



kolom A van die tabel aan die einde van hierdie subparagraaf verkoop mag word indien hulle minstens ook voldoen aan die ooreenstemmende persentasies in genoemde tabel vermeld ten opsigte van minimum sapgehalte en minimum suurgehalte, en die minimum verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur, in kolomme B, C en D onderskeidelik.

TABEL

| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
| Minimum totale oplosbare vastestofgehalte (persentasie) | Minimum sapgehalte (persentasie) | Minimum suurgehalte (persentasie) | Minimum verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur |
| 8·9 | 54 | 0·7 | 7·3 : 1 |
| 8·8 | 56 | 0·7 | 7·5 : 1 |
| 8·7 | 56 | 0·7 | 7·8 : 1 |
| 8·6 | 56 | 0·7 | 8·2 : 1 |

(iii) *Suurgehalte.*—'n Minimum van 0·7 persent: Met dien verstande dat Tomangolemoene wat volgens toets voldoen aan enigeen van die minimum persentasies suurgehalte, vermeld in kolom A van die tabel aan die einde van hierdie subparagraaf, verkoop mag word indien hulle minstens ook voldoen aan die ooreenstemmende persentasies in genoemde tabel vermeld ten opsigte van minimum sapgehalte en minimum totale oplosbare vastestowwe, in kolomme B en C onderskeidelik.

TABEL

| A | B | C |
|---|---|---|
| Minimum suurgehalte (persentasie) | Minimum sapgehalte (persentasie) | Minimum totale oplosbare vastestofgehalte (persentasie) |
| 0·65 | 54 | 9·3 |
| 0·60 | 56 | 9·6 |

(iv) *Verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur.*—'n Minimum verhouding van 7·0 tot 1: Met dien verstande dat Tomangolemoene wat volgens toets voldoen aan enigeen van die minimum verhoudings van totale oplosbare vastestowwe tot suur vermeld in kolom A van die tabel aan die einde van hierdie subparagraaf, verkoop mag word indien hulle minstens ook voldoen aan die ooreenstemmende persentasie in genoemde tabel vermeld ten opsigte van minimum sapgehalte en minimum totale oplosbare vastestofgehalte in kolomme B en C onderskeidelik.

TABEL

| A | B | C |
|---|---|---|
| Minimum verhouding van totale oplosbare vastestowwe tot suur | Minimum sapgehalte (persentasie) | Minimum totale oplosbare vastestofgehalte (persentasie) |
| 6·9 | 53 | 9·5 |
| 6·8 | 54 | 10·0 |
| 6·7 | 55 | 10·5 |
| 6·6 | 56 | 11·0". |

end of this subparagraph, may be sold if they at least also comply with the corresponding percentages specified in the said table in respect of minimum juice content and minimum acid content, and the minimum total soluble solids to acid ratio, in columns B, C and D respectively.

TABLE

| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
| Minimum total soluble solids content (percentage) | Minimum juice content (percentage) | Minimum acid content (percentage) | Minimum total soluble solids to acid ratio |
| 8·9 | 54 | 0·7 | 7·3 : 1 |
| 8·8 | 56 | 0·7 | 7·5 : 1 |
| 8·7 | 56 | 0·7 | 7·8 : 1 |
| 8·6 | 56 | 0·7 | 8·2 : 1 |

(iii) *Acid content.*—A minimum of 0·7 per cent: Provided that Tomango oranges which on test comply with any of the minimum percentages of acid content specified in column A of the table at the end of this subparagraph, may be sold if they at least also comply with the corresponding percentages specified in the said table in respect of minimum juice content and minimum total soluble solids content, in columns B and C respectively.

TABLE

| A | B | C |
|---|---|---|
| Minimum acid content (percentage) | Minimum juice content (percentage) | Minimum total soluble solids content (percentage) |
| 0·65 | 54 | 9·3 |
| 0·60 | 56 | 9·6 |

(iv) *Total soluble solids to acid ratio.*—A minimum of 7·0 to 1 ratio: Provided that Tomango oranges which on test comply with any of the minimum total soluble solids to acid ratios specified in column A of the table at the end of this subparagraph, may be sold if they at least also comply with the corresponding percentages specified in the said table in respect of minimum juice content and minimum total soluble solids content, in columns B and C respectively.

TABLE

| A | B | C |
|---|---|---|
| Minimum total soluble solids to acid ratio | Minimum juice content (percentage) | Minimum total soluble solids content (percentage) |
| 6·9 | 53 | 9·5 |
| 6·8 | 54 | 10·0 |
| 6·7 | 55 | 10·5 |
| 6·6 | 56 | 11·0". |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. Regulasie 5 word hierby gewysig deur subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) Slegs nuwe skoon houers moet gebruik word vir die verpakking van sitrusvrugte: Met dien verstande dat Handelsgraad, Fabrieksgraad en Ondergraad vrugte ook in skoon gebruikte houers verpak mag word."

4. Regulasie 7 (1) (b) word hierby gewysig deur na subparagraaf (ii) die volgende subparagraaf by te voeg:

"(iii) in die geval van 'n soetlemoen-variëteit wat minder as sewe volwasse pitte per vrug bevat (uitgesonderd Nawel- en Valencialemoene), die woord 'Protealemoene' of 'Tomangolemoene';".

3. Regulation 5 is hereby amended by the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) Only new clean containers shall be used for packing of citrus fruit: Provided that Trade Grade, Factory Grade and Undergrade fruit may also be packed in clean second-hand containers.".

4. Regulation 7 (1) (b) is hereby amended by the addition after subparagraph (ii) of the following subparagraph:

"(iii) in the case of any sweet orange variety containing less than seven mature seeds per fruit (excluding Navel and Valencia oranges), the words 'Protea oranges' or 'Tomango oranges';".

## DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN PENSIOENE

No. R. 1199 31 Julie 1970

### WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE KINDERWET, 1960

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), wysig ek, Cornelius Petrus Mulder, Minister van Volkswelsyn en Pensioene, vir sover die uitvoering van daardie Wet by Proklamasie R. 42 van 1968 aan my oorgedra is, in oorleg met die Minister van Finansies, hierby die regulasies kragtens genoemde artikel uitgevaardig en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 524 van 30 Maart 1961—

(a) deur in regulasie 51 (1) (b) die uitdrukkings "R16.00 en R14.00" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R20.00 en R18.00" te vervang.

C. P. MULDER, Minister van Volkswelsyn en Pensioene.

## DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE AND PENSIONS

No. R. 1199 31 July 1970

### AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE CHILDREN'S ACT, 1960

By virtue of the powers vested in me by section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), I, Cornelius Petrus Mulder, Minister of Social Welfare and Pensions, in so far as the administration of the said Act has been assigned to me by Proclamation R. 42 of 1968, in consultation with the Minister of Finance, hereby amend the regulations made under the said section and promulgated by Government Notice R. 524 dated 30 March 1961—

(a) by the substitution in regulation 51 (1) (b) for the expression "R16.00 and R14.00" of the expressions "R20.00 and R18.00" respectively.

C. P. MULDER, Minister of Social Welfare and Pensions.

No. R. 1235 31 Julie 1970

### VERBETERINGSKENNISGEWING

### WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE REGISTRASIE VAN OUETEHUISE

Die volgende verbetering moet in die Engelse teks van Goewermentskennisgewing R. 3759 van 21 November 1969 wat in *Staatskoerant* 2564 (*Regulasiekoerant* 1199) van 21 November 1969 verskyn het, aangebring word:

Vervang in paragraaf 5 (1) (b) daarvan die woorde "in the manner he deems fit" deur die woorde "according to his mental capacities".

No. R. 1235 31 July 1970

### CORRECTION NOTICE

### AMENDMENT OF THE REGULATIONS RELATING TO THE REGISTRATION OF OLD AGE HOMES

The following correction is to be made in the English text of Government Notice R. 3759, dated 21 November 1969, published in *Government Gazette* 2564 (*Regulation Gazette* 1199) dated 21 November 1969:

In paragraph 5 (1) (b) thereof substitute for the words "in the manner he deems fit" the words "according to his mental capacities".

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



## INHOUD

No. BLADSY

**PROKLAMASIE.**

R. 190. Beheer oor die invoer van gekondenseerde melk, gekondenseerde afgeroomde melk, melkpoeier en afgeroomde melkpoeier ... 1

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS**

**Arbeid, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R.1204. Komitee vir Spoorwegvakleerlinge: Intrekking van ambag en voorskrywing van leervoorwaardes ... ... ... ... ... ... 2

R.1227. Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig: Komitee vir Vakleerlinge in die Suikervervaardigings- en Raffineernywerheid ... ... 2

R.1228. Wet op Nywerheidsversoening, 1965, Klerasienywerheid Kaap: Wysiging van Opleidingsfondsooreenkoms ... ... ... ... 2

**Gesondheid, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R.1200. Reëls Betreffende die Werkwyse van die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie en ander sake ... ... ... ... ... ... ... ... ... 3

R.1201. Regulasies Betreffende die Onderskeidende Kentekens en Uniforms vir Geregistreerde Verpleegsters, Verpleërs en Vroedvroue ... 4

**Landbou-ekonomie en -bemarking, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R.1203. Regulasies met Betrekking tot die Gradering, Verpakking en Merk van Sitrusvrugte Bestem vir Verkoop in Suid-Afrika: Wysiging ... ... ... ... ... ... ... 6

**Volkswelsyn en Pensioene, Departement van**

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

R.1199. Wysiging van die regulasies uitgevaardig kragtens die Kinderwet, 1960 ... ... ... ... 8

R.1235. Wysiging van die regulasies betreffende die registrasie van ouetehuise: Verbeteringskennisgewing ... ... ... ... ... ... 8

## CONTENTS

No. PAGE

**PROCLAMATION**

R. 190. Control of the importation of condensed milk, condensed skim milk, milk powder and skim milk powder ... ... ... ... ... ... 1

**GOVERNMENT NOTICES**

**Agricultural Economics and Marketing, Department of**

GOVERNMENT NOTICES

R.1203. Regulations Relating to the Grading, Packing and Marking of Citrus Fruit Intended for Sale in South Africa: Amendment ... ... ... ... ... ... ... ... ... 6

**Health, Department of**

GOVERNMENT NOTICES

R.1200. Rules Relating to the Conduct of Business of the South African Pharmacy Board and other matters ... ... ... ... ... ... ... 3

R.1201. Regulations Regarding the Distinguishing Devices and Uniforms for Registered Nurses and Midwives ... ... ... ... ... ... 4

**Labour, Department of**

GOVERNMENT NOTICES

R.1204. Railway Apprenticeship Committee: Redesignation of Trade and Amendment of Conditons of Apprenticeship ... ... ... ... 2

R.1227. Apprenticeship Act, 1944, as amended: Apprenticeship Committee for the Sugar Manufacturing and Refining Industry ... 2

R.1228. Industrial Conciliation Act, 1956, Clothing Industry, Cape: Amendment of Training Fund Agreement ... ... ... ... ... ... ... ... 2

**Social Welfare and Pensions, Department of**

GOVERNMENT NOTICES

R.1199. Amendment of the regulations made under the Children's Act, 1960 ... ... ... 8

R.1235. Amendment of the Regulations relating to the Registration of Old Age Homes: Correction Notice ... ... ... ... ... ... ... 8

Wapen van die

**Republiek van Suid-Afrika**

*In Kleure*

***Groot 11½ duim by 9 duim***

+

*Herdruk volgens plan opgemaak deur die Kollege van Heraldiek*

+

PRYS:

R1.10 per kopie, posvry in die Republiek

R1.15 per kopie, buite die Republiek

Verkrygbaar by die Staatsdrukker Pretoria en Kaapstad

**Republic of South Africa**

Coat of Arms

*In Colours*

***Size 11½ inches by 9 inches***

+

*Reprinted to design prepared by the College of Heralds*

+

PRICE:

R1.10 per copy, post free within the Republic

R1.15 per copy, outside the Republic

Obtainable from the Government Printer Pretoria and Cape Town

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998




# U SPAARGELD VERDIEN

# 4%

## RENTE PER JAAR

## IN DIE

# POSSPAARBANK

DEPOSITO'S EN OPVRAGINGS KAN GEDOEN WORD BY ENIGEEN VAN MEER AS 1,600 POSKANTORE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA, AFGESIEN VAN WAAR U REKENING OORSPRONKLIK GEOPEN IS.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998




# YOUR SAVINGS EARN

# 4%

## INTEREST PER ANNUM
## IN THE
# POST OFFICE SAVINGS BANK

DEPOSITS AND WITHDRAWALS CAN BE MADE AT ANY ONE OF MORE THAN 1,600 POST OFFICES IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND SOUTH WEST AFRICA, IRRESPECTIVE OF WHERE YOUR ACCOUNT WAS ORIGINALLY OPENED.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998




# Geregistreerde pos is nie verseker nie.

Stuur waardevolle artikels per

VERSEKERDE PAKKETPOS

en

Geld deur middel van 'n POSORDER of

POSWISSEL.

*Stuur u pakkette per lugpos*

*——dis vinniger!*

RAADPLEEG U PLAASLIKE POSMEESTER.

# Registered mail carries no insurance.

Send valuables by

INSURED PARCEL POST

and

Money by means of a POSTAL ORDER or

MONEY ORDER.

*Use air mail parcel post*

*——It's quicker!*

CONSULT YOUR LOCAL POSTMASTER.


Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat (Privaatsak 85), Pretoria

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street (Private Bag 85), Pretoria